# Sport en vryetye in gemeenskapsontwikkeling 310 (YSL 310)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Programme** | BA Sport- en Vryestydstudies Sport- en Rekreasiebestuur |
| | BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing |
| | BA Sport- en Vryetydstudies Sportafrigtingswetenskap |
| **Voorvereistes** | YSL 220 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Sport- en Vryetydstudies |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Hierdie module bou op fundamentele verworwe kennis en vaardighede in vryetyd en rekreasie. Aandag word gegee aan die verband tussen sosiale en kulturele kapitaal en sport en rekreasie, die bepaling van rekreasiebehoeftes van gemeenskappe asook die ontwikkeling en transformasie van gemeenskappe deur sport en rekreasie. Die impak en bydrae van sport en rekreasie tot vrede, opvoeding, gesondheid en voorkoming van riskante jeuggedrag word bepsreek. Klem word gelê op die rol van sportvrywilligers in die ontwikkeling van sosiale kapitaal deur burgerskap-waardes en lewensvaardighede. Die kriteria en beginsels van die Handves vir Transformasie van Suid-Afrikaanse Sport word ontleed en geïntegreer in gemeenskapsrekreasieprogramme. Die student sal akademiese diensleer verrig deur middel van gemeenskapsbetrokkenheid in diverse gemeenskappe.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.